*Nuwe Lied Bediening*

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

# Goeie Bedoelings – Is Dit Goed Genoeg?

Die mens se goeie bedoelings kan nooit `n plaasvervanger vir gehoorsaamheid aan יהוה wees nie. Dit is die duur les wat mense soos Kayin, Aharon, Nadav, Avíhu, Sha'ul en Dawid geleer het. Hierdie les uit die bladsye van die Tanakh geld ook vir elkeen van ons vandag. יהוה, die Almagtige, vereis gehoorsaamheid en nie goeie bedoelings nie. Hy vereis gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies, naamlik aan Sy Torah (die wet) wat Hy vir die mens se welsyn gegee het.

As kinders van God die Vader besef ons dat Torah die "huisreëls" is waarvolgens ons moet leef. Ons kan nie bely dat ons deur die onverdiende guns in Yeshua, dié Gesalfde Een, Sy kinders is, en dan volgens ons eie mensgemaakte reëls leef nie. Nee, ons kan nie maak soos wat ons glo reg en aanvaarbaar vir God sal wees nie!! Al is ons hoe opreg, en al het ons die beste bedoelings, maar ons verontagsaam die Vader se onderrig en instruksies, dan is ons ongehoorsaam. Dan sal ons die gevolge van ongehoorsaamheid moet dra. Kom ons leer uit die lewens van diegene wat hierdie fout begaan het!

Beide Kayin en Hevel het aan יהוה 'n offer gebring, maar slegs Hevel se offer was aanvaar, want dit was volgens יהוה se vereiste. Kayin se goeie bedoelings deur van die vrugte van die land as offer te bring, is deur God verwerp (Gen. 4:3-5). Die gevolg was dat Kayin kwaad geword het en sy broer Hevel doodgeslaan het. Ongehoorsaamheid is sonde en die wortel daarvan is die begeertes van die vlees – die eie wil, denke en emosie:

> **5** Hulle wat in die vlees is, word deur daardie vlees beheer, maar die wat van die Gees is, word deur daardie Gees beheer,
> **6** want die gedagtes van die vlees is dood, maar die gedagtes van die Gees is lewe, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid
> **7** omdat die gedagtes van die vlees vyandskap teen God is, want dit is nie gehoorsaam aan die wet van God nie, want dit is ook nie moontlik nie.
> **8** Hulle wat in die vlees is, kan God nie tevrede stel nie,
> **9** maar julle is nie in die vlees nie, maar in die Gees, as die Gees van God waarlik in julle bly, maar as iemand die Gees van dié Gesalfde Een nie het nie, behoort hy nie aan Hom nie. Rom. 8:5-9.[1]

Die Afgesonderde Gees sal nooit strydig met God se woord vir jou en my leer en lei nie!!

---

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

**Lesse uit die Tanakh**

By die berg Sinai het die Yisra'eliete 'n goue kalf gemaak en Aharon het gesê: "Môre is 'n fees tot eer van יהוה (Ex. 32:5). Aharon en die volk het geglo dat יהוה met hierdie mensgemaakte aanbidding tevrede sal wees. Hierdie handeling was egter 'n gruwel vir God. Hoe kan die mens afgodery meng met aanbidding van die ware God? Hoe kan dit wat rein is met dit wat onrein is, vermeng word, of die heilige met die onheilige? By יהוה is dit reg of verkeerd en amper reg is steeds verkeerd. Goeie bedoelings is nie 'n alternatief vir gehoorsaamheid nie. Alleenlik יהוה besluit oor hoe Hy gedien en aanbid moet word!!

Die seuns van Aharon, Nadav en Avihu, het vreemde vuur voor die aangesig van יהוה gebring en het as gevolg van dit gesterf (Lev. 10:1-2). Hulle het geweet wat יהוה ten opsigte van die tabernakel en offerhandes vereis, en tog het hulle geglo dat hulle "gewysigde" praktyk aanvaarbaar sou wees. Hierdie siening het hulle lewens gekos. Die les hieruit is dat die mens nie by יהוה se onderrig en instruksies (Torah) kan byvoeg, wegneem of daaraan verander nie (Deut. 4:2; Open. 22:19). Al is die bedoelings hoe opreg, is dit soos om vreemde vuur voor יהוה se aangesig te bring. Dit is onaanvaarbaar! Dit is sonde en die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). יהוה is 'n God van onverdiende guns, maar ook van oordeel. Onthou: Wat vir die mens reg lyk, is nie noodwendig volgens יהוה reg nie (Jer. 17:9)!

Nadat Sha'ul as koning gesalf was, het hy in opdrag van יהוה gegaan om die Amalekiete te verslaan. God het duidelik aan Sha'ul opdrag gegee om almal dood te maak en alles te vernietig. Hy mag niemand se lewe gespaar het nie en ook geen oorlogsbuit geneem het nie, want יהוה het beveel dat Sha'ul alles met die banvloek moet tref (1Sam. 15:1-3). Na die oorwinning het hy egter vir koning Agag gespaar en die beste van die kleinvee, beeste en skape, asook alles wat van waarde was, geneem (1Sam. 15:4-9).

God het toe deur die mond van Sh'mu'el vir Sha'ul gekonfronteer met die woorde: "Waarom het jy nie die stem van יהוה gehoorsaam nie, maar op die buit afgestorm en gedoen wat boos is in die oë van יהוה?" (1Sam.15:19). Sha'ul se verweer was egter dat die bedoeling was om die beste van die bangoed as offer aan יהוה op Gilgal te bring. Hierop het Sh'mu'el vir Sha'ul geantwoord:

> **22** ......."Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme,
>
> **23** want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp." 1Sam. 15:22-23.

Sha'ul se goeie bedoelings het nie opgemaak vir sy ongehoorsaamheid nie. Inteendeel, weens sy ongehoorsaamheid was hy uiteindelik sy koningskap kwyt. Soos enige aardse vader het יהוה, ons Hemelse Vader, ook behae in die gehoorsaamheid van Sy kinders.

Volgens bogenoemde teksverse is ongehoorsaamheid aan יהוה sonde wat gelykstaande is aan waarsêery en afgodery en ons weet dat יהוה 'n afsku aan beide het.

Hoe maklik kan ons ook met goeie bedoelings probeer om gehoorsaamheid te vermy. Ons kan nie vir Vader iets in die plek van gehoorsaamheid aanbied nie. Hoeveel seëninge is ons dalk kwyt weens ongehoorsaamheid? Wanneer laas het jy jouself hierdie vraag gevra?! Het jy al vir jouself gevra of jy aan al יהוה se onderrig en instruksies gehoorsaam is? Het jy, of die denominasie waaraan jy behoort, nie dalk יהוה se onderrig en instruksies aangepas om by 'n mensgemaakte godsdienstige lewenstyl te pas nie?

Is ons nie ook dikwels besig om dinge wat יהוה as 'n banvloek beskou aan Hom te probeer offer nie? Het ons nie dalk ook 'n gouekalf waarmee ons vir יהוה wil vereer nie? Is ons seker ons bring nie deur mensgemaakte leerstellings vreemde vuur voor יהוה nie? Dit wat met die banvloek getref is, is dit wat ons uit ons lewe moet verban. Dit moet vernietig en uitgeroei word en ons mag niks daarmee te doen hê nie.

> Jy mag ook geen verwerplike ding in jou huis inbring nie sodat jy nie saam met dit totaal vernietig word nie. Jy moet dit ten diepste verafsku en dit geheel en al haat, want dit is iets wat verban is. Deut. 7:26.

Indien יהוה slegs goeie bedoelings as vereiste gestel het, dan sou Hy ons daarvan vertel het. Ons het egter nie die vryheid om te maak soos ons goed dink nie. Nee, God vereis gehoorsaamheid van elkeen. Ons vertroue en opregtheid word juis deur ons bereidwillige gehoorsaamheid openbaar. Ongehoorsaamheid aan Torah kanselleer alle goeie bedoelings. Gehoorsaamheid aan al יהוה se onderrig en instruksies is die pad van afgesonderdheid as onpartydig en opreg in Yeshua, dié Gesalfde Een.

In Deut. 12:30-31 lees ons die volgende:

> **30** let op dat jy nie in die strik val om hulle te volg nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: 'Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien sodat ek dit ook so kan doen?' nie.
> **31** Jy mag dít nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode.

Talle Christengebruike en Christentradisies het 'n heidense oorsprong wat 'n Christenbaadjie gekry het. Wat is dit anders as om te vra: 'Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien sodat ek dit ook so kan doen?' Goeie bedoelings gaan nie maak dat יהוה dit nie meer as 'n gruwel sal beskou nie! Is Kersfees, wat **nie** in die bladsye van die Skrifte gevind word nie, nie 'n goue kalf nie? Is die minagting van die Shabbatgebod nie vreemde vuur nie? Is die eet van varkvleis (onrein diere – Levitikus 11) nie verontreiging van die liggaamstempel nie?

Indien יהוה sê dat iets 'n gruwel is, dan is dit, en bly dit, 'n gruwel. Indien dit wat ons doen en glo 'n afgode oorsprong het wat ver-Christen is, is dit steeds 'n gruwel in God se

oë en sal ons goeie bedoelings dit nie verander nie. Net so is enige afwyking, of verwerping, van יהוה se onderrig en instruksies (Torah) vir Hom ‘n gruwel.

Ons kan wel sê dat Sha’ul se bedoelings dalk nie absoluut opreg was nie, maar dat hy op die oomblik wat hy gekonfronteer was ‘n vinnig uitweg uitgedink het. Maar wat dan van Dawid? Sy bedoelings met die haal van die verbondsark by die huis van Avinadav in Kiryat-Ye'arim was suiwer en opreg. En tog.....!!! Kyk wat het gebeur!!!

Dawid wou na twintig jaar die verbondsark terugbring om dit weer in die midde van die volk te plaas. Hy wou weer die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה terugbring na Yisra’el. Dawid het selfs die priesters en die volk in die saak geken en almal het saamgestem dat dit ‘n goeie saak is. Hulle het die ark toe op ‘n nuwe wa geplaas en Dawid en die hele Yisra’el het uitbundig voor die verbondsark gedans, terwyl hulle deur musiekinstrumente begelei was (1Kron. 13:6-8). Ongetwyfeld was Dawid en die volk se bedoelings tog opreg!! Daar was groot opgewondenheid en blydskap. Hulle het werklik ywer gehad en met oorgawe die verbondsark op sy terugtog vergesel. Toe hulle egter by die dorsvloer van Kidon kom, het ‘Uza die ark met sy hand gestut, want die osse het gestruikel. יהוה se toorn het toe ontvlam en ‘Uza het daar langs die wa gesterf (1Kron. 13:9-10).

Dawid was erg ontsteld en het daardie dag vir יהוה bevrees geword en gevra: “Hoe kan ek die ark van God na my huis toe bring?” (1Kron. 13:12). Daardie dag het Dawid besef dat sy goeie bedoelings nie goed genoeg was nie. Hy moes gaan uitvind wat יהוה se vereistes was om die verbondsark terug te bring. Hy moes dit volgens יהוה se se voorskrifte doen (1Kron. 15) en nie volgens sy eie goeddunke of dié van mense nie. Alleenlik toe Dawid die voorskrifte van יהוה gevolg het, is die verbondsark suksesvol teruggebring en was die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God weer in hulle midde.

Hoe dikwels probeer ons God vereer en aanbid op mensgemaakte wyses! Ons probeer dikwels om God se Gemanifesteerde Teenwoordigheid volgens ons eie menslike pogings terug te bring. Ons bedoelings mag opreg wees, maar as dit nie volgens יהוה se onderrig en instruksies is nie, kan ons dalk ook soos ‘Uza sterf – geestelik sterf en deur God verwerp word. Die beste mensgemaakte metodes is net nie goed genoeg nie!! Onthou dat Dawid en die hele volk tot op die oomblik wat ‘Uza gesterf het, geglo dat hulle volgens die onderrig en instruksies van יהוה die verbondsark terugbring. Dit het die dood van ‘Uza gekos om Dawid tot stilstand te dwing en te vra: “Hoe kan ek die ark van God na my huis toe bring?” Dit was Dawid se oomblik van ontnugterende waarheid!!

Ons moet onsself ondersoek om seker te maak dat ons in alles aan יהוה gehoorsaam is. Dit moet ons doen voor ons nog in ‘n situasie beland soos wat Dawid hom in bevind het. Ons kan hoe opreg wees, maar steeds opreg verkeerd wees! Ons kan dink en glo dat ons gehoorsaam is, terwyl ons in werklikheid ongehoorsaam is. Selfs al het ons vurige ywer, kan ons steeds mislei wees omrede ons nie die onpartydige opregtheid wat יהוה vereis ken nie. Baie het die begeerte om in onpartydige opregtheid te wandel, maar dan, sonder dat hulle dit besef, is hulle dade dié van oortreders van die wet (ongeregtigheid). Die Afgevaardigde Sha’ul skryf die volgende aangaande sy tydgenote:

> **2** want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie
> **3** omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie. Rom. 10:2-3.

Dink daaraan!!! Kayin het geglo sy offerhande is aanvaarbaar vir יהוה tot na hy geoffer het en God dit verwerp het. Aharon het geglo hy tree in onpartydige opregtheid op tot op die oomblik wat hy deur Moheh met die waarheid van die tien gebooie gekonfronteer was. Nadav en Avihu het geglo hulle kan hulle vuurpanne met vreemde vuur vul, maar hulle eie onpartydige opregtheid het hulle lewens gekos. Koning Sha'ul was oortuig sy goeie bedoelings was aanvaarbaar tot op die punt dat hy deur Sh'mu'el gekonfronteer was met die woord van God. Dawid het geglo dat hy volgens יהוה se wil die verbondsark terugbring totdat 'Uza gesterf het. Die hele volk het geglo dat hoe hulle dit doen, en wat hulle doen, reg en eerbaar was!!

Nie een van genoemdes het doelbewus יהוה se onderrig en instruksies verwerp nie. Nee, hulle was oortuig hulle het in gehoorsaamheid opgetree. Hulle bedoelings was goed en opreg, maar hulle bedoelings was nie goed genoeg nie!!! Hulle het ywer vir יהוה gehad, maar dit was nutteloos!

Hierdie gebeure behoort vir ons elkeen as 'n ernstig waarskuwing te dien wat selfondersoek vereis. Ons moet seker wees dat ons יהוה seonpartydige opregtheid doen en nie ons eie nie! Ons behoort selfondersoek te doen en seker te maak dat ons ywer vir Vader-God nie goeie bedoelings is nie, terwyl ons in werklikheid ongehoorsaam is aan Sy onderrig en instruksies. As ons יהוה waarlik liefhet, sal ons alles doen wat Hy ons beveel (Joh.14:21, 23-24).

Onthou: יהוה se onderrig en instruksies begin by Gen. 1:1 en nie by Matt. 1:1 nie!!! יהוה het nie Sy "leerplan" gewysig nie. Nee, dit waarmee Hy begin het, sal tot in ewigheid bly. God se Torah, naamlik Sy onderrig en instruksies, bly dieselfde – onveranderd soos dit aan die begin was. Die enigste verskil tussen die ou- en die nuwe verbond is die verandering in die praktyk en toepassing soos dit in Yeshua vervolmaak is. Dit is die onverdiende guns in Yeshua, dié Gesalfde Een, wat my vryspreek wanneer ek weens menslike swakheid oortree. Die feit dat ons deur vertroue en onverdiende guns vrygespreek word, het nie יהוה se onderrig en instruksies verander nie (Rom. 3:31).

Laat ons altyd hierdie woorde van Yeshua onthou:

> **21** Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen.
> **22** Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige dade gedoen nie?'

> 23 Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!' Matt. 7:21-23

Hierdie is bevestiging dat tekens en wonders in die Naam van Yeshua NIE bevestiging is van gehoorsaamheid aan God se Torah nie!!

Goeie bedoelings moet 'n begeerte en ywer tot gehoorsaamheid aan Torah wees!!! Dit is om die Woord te hoor en dit uit liefde en dankbaarheid vir God se onverdiende guns in Yeshua te doen!!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

*Kopieë mag gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*

GBApril2020.